Sagaria 2:1-13
Fokusverse – Vers 10

<u>God stuur Sy Seun om tussen Sy mense te woon daarom moet ons bly wees</u>

<u>Inleiding</u>

Ons het baie om oor bly te wees. Sommiges het pas klaargemaak met eksamen, of ons skoolloopbaan of studies voltooi. Ander pluk nou die vrugte van ‘n jaar se harde werk. Die Here het ons geseen met goeie reen oor baie dele van die land. Party van ons is selfs net bly oor ‘n tyd van rus wat dalk vir ons voorle.

Blydskap en geluk is gevoelens wat vir ons grotendeels natuurlik voorkom. Ons is saam met mekaar bly as ons goeie nuus kry en geluk gaan selfs soms met trane van blydskap saam.

In Sagaria 2:10 kry ons die opdrag om bly te wees. Dit is egter nie gefokus op tydlike aardse blydskap nie. Die opdrag word gegee maar ook saam met ‘n rede vir die opdrag – *“want kyk, Ek kom om in jou midde te woon, spreek die Here.”*

Die Here leer ons vandag uit Sagaria 2 dat Hy Sy Seun stuur om tussen Sy mense te woon, daarom moet ons bly wees.

Ons gaan veral stilstaan by 3 belangrike gedagtes.
- God wil tussen Sy mense woon
- Christus het tussen ons kom woon as ons verlosser
- Die Heilige Gees staan ons by om bly te wees

<u>God wil tussen Sy mense woon</u>

Sagaria tree as ‘n profeet op ongeveer 20 jaar nadat die volk teruggekeer het uit die ballingskap in Babel. Die Jerusalem waarna die volk teruggekeer het is bykans vernietig. Die tempel is afgebreek en die mure van die stad is vernietig. Aanvanklik het die volk teruggekeer vol opwinding en ywer om die stad te herstel, maar hierdie gevoelens het gou verdwyn en hopeloosheid het die plek daarvan gevul.

Die volk was onderhewig aan koning Kores wat hulle laat trek het uit Babel uit. Kores het die Mediers en Perse verenig om Babel te verslaan, en het die nuwe wereldmag geword. Die gevolg is dat die volk hoe vlakke van belasting moes betaal aan koning Kores.

Dit is dus verstaanbaar dat die volk mismoedig was. Hulle woonplek is vernietig en die geld wat hulle gehad het, is deur die koning opgeeis.

God het aan Dawid beloof dat daar altyd een uit Sy nageslag op die troon sal sit. God het aan Salomo die geleentheid gegee om ‘n tempel te bou en in 2 Kron. 7 lees ons hoe God se teenwoordigheid die tempel vul.

Die troon is egter leeg en die tempel is nie meer nie.

Die volk is koningloos, tempelloos en hopeloos.

Die gedeelte wat ons gelees het is die derde van 9 visioene wat in Sagaria opgeskryf staan. Hoewel Sagaria ‘n profetiese boek is, sien ons gedeeltes wat dieselfde lyk soos Openbaring in die Nuwe Testament. Hierdie dele staan bekend as apokaliptiek – fokus op die eindtyd. Die doel van hierdie teks is nie om letterlik die beeld toe te pas nie. Die beeld roep ons nie nou op om meetsnoere te vat en ons stad te meet nie. Die doel van hierdie stof is om perspektief te gee en om hoop te kweek.

Sagaris 2 fokus egter nie net op die eindtyd nie, maar ook die nadere toekoms vir die volk. Binne hierdie tyd van hopeloosheid en mismoedigheid kom die opdrag na vore – *“Jubel, en wees bly, o dogter van Sion.”*

Hierdie opdrag kom met eerste oogopslag voor asof dit ironies is. In tye van hopeloosheid en verdrukking word die volk opgeroep om bly te wees. Die opdrag kom egter nie sonder rede nie. God wil tussen Sy mense woon.

Daar is 2 woorde wat gebruik kan word vir God wat woon. Die eerste dui op God se almag en heerskappy wat tussen Sy mense tot Sy reg kom. Die woord wat in Sagaria 2 voorkom dui egter op ‘n persoonlike en intieme verhouding wat vorm. God wil naby Sy volk wees. Hy wil in hulle midde woon. God wil tussen en naby aan Sy volk wees.

Dit is dus geldige gronde vir die opdrag. As God beveel – Jubel, en wees bly, vra Hy nie vir ‘n gemompel en ‘n halfhartige glimlag nie. Hy beveel Sy volk om uit te roep en jou blydskap onmiskenbaar uit te leef.

Wanneer God se dat Hy tussen Sy volk wil woon beteken dit nie dat Hy elders weg was nie. Vir die volk kon dit dalk lyk of God klaarblyklik weg of afwesig is. Dit is nie die geval nie. Selfs wanneer God nie direk aktief werksaam gesien kan word nie, is Hy steeds spreekwoordelik agter die skerms besig.

Sagaria wil die volk dus herinner dat God steeds tussen hulle is. Hy woon steeds tussen volk en Hy wil ook daar woon.

Geliefdes, God roep elkeen van ons op om bly te wees en te jubel. God wil ook tussen ons woon.

Tog is God nie net ‘n passiewe bywoner tussen Sy volk nie. Hy is aktief besig om verlossing te bewerk. God het koning Kores gebruik om die volk te red uit die hand van Babel. So ook sal God Israel verlos onder die mag van koning Kores. In die tyd waarin

Sagaria optree het die volk nie mure om die stad nie. Geliefdes sal u rustig kan slaap met oop deure en hekke?

God bewaar Sy volk van alle gevare. Sag. 2:5 se God dat Hy die mure van vuur rondom Jerusalem sal wees. Hierdie mure van vuur sal beskerm. Vuur in die Bybel is ‘n simbool van God se teenwoordigheid maar ook oordeel. Die mure van vuur sal dus vasstel of iemand heilig is – waardig om die stad in te kom.

Vers 9 eindig met die woorde *“dan sal julle weet dat die Here van die leerskare my gestuur het”.*

Ons kan dus sien dat dit nie die Here is wat aan die woord is nie. Tog het die Here van die leerskare Hom gestuur. Die God van hemel en aarde, van die verbond, die God wat lewe gee en verlos, stuur hierdie man of boodskapper. En hierdie boodskapper wil tussen ons woon.

Hierdie boodskapper is ‘n duidelike vooruitskouing op Jesus Christus.

<u>Christus het tussen ons kom woon as ons verlosser</u>

Dit is immers wat jesus Christus gedoen het. Joh. 1:14 se self – *“Die woord het vlees geword en onder ons kom woon.”*

Daar is nie ‘n tempel opgerig sodat Christus tussen ons kon woons – ver en op ‘n afstand en net beperk tot die hoepriesters nie. Hy het volkome mens geword en tussen mense gewoon en geleef.

Hy het nie gekom om die juk van die aardse konings af te gooi nie. Hy het nie gekom om te veg vir minder belasting nie.

Hy het gekom om die juk van die sonde en die dood af te gooi. Hy is die een uit die nageslag van Dawid wat vir ewig sal regeer. Christus wys vir ons die nabyheid van God wat lief is vir Sy volk en tussen hulle wil wees.

Tog is Christus doodgemaak. Hy het tussen mense kom woon maar die mense wou dit nie aanvaar nie. Hulle wat Christus laat kruisig het, wou God se teenwoordigheid tussen mense wegneem. Dit is egter nie hoe dit werk nie. God se teenwoordigheid kan nie weggeneem word nie. Christus se dood het God se teenwoordigheid bevestig. Die skeiding wat daar tussen God en die mens was is weggeneem. Ons kan nou met vrymoedigheid tot God nader.

God is nie ver en op ‘n afstand nie. Hy is tussen ons danksy die middelaarswerk van Jesus Christus.

Sag. 9:9 en 9:11 beklemtoon die werk van Christus as ons verlosser en ook God se omgee vir Sy mense.

“Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig o dogter van Jerusalem! Kyk jou koning kom na jou, regverdig en ‘n oorwinnaar is Hy, nederig en Hy ry op ‘n esel – op ‘n jong esel, die vul van ‘n eselin.”

“Ook sal ek, wat jou betref, o Sion, kragtens die bloed van die verbond jou gevangenes loslaat uit die put sonder water.”

Christus se koms is dus die vervulling van God se beloftes – Sy beloftes wat ons reeds in Sagaria lees, baie jare voor die koms van Christus.

Wanneer Christus egter opvaar verval die beloftes van God dat Hy tussen ons wil woon nie. Deur die uitstorting van die Heilige Gees word hierdie beloftes van God ook verder bekragtig.

<u>Die Heilige Gees staan ons by om bly te wees</u>

Dit is moeilik in ons lewens om elke dag die vreugde en blydskap wat daar in Chrstus is uit te leef. Die swaarkry van ons dag tot dag bestaan laat ons vaskyk in hartseer, pyn en ellende. Maar deur die werking van die Heilige Gees word die blydskap in ons opgewek. Hierdie blydskap is nie net gerig op vandag of more nie, maar die lewe hierna waar daar nie meer twyfel gaan wees oor ons blydskap nie.

Ons gaan by God wees en werklik oorvloedige blydskap beleef sonder dat ons beveel moet word.

Die Here roep ons ook op deur Paulus se woord in Fil. 4:4 – Verbly jul in die Heer, ek herhaal – wees bly. Paulus is op daardie stadium in die tronk waar hy sy verhoor afwag omdat Hy die Woord van die Here verkondig het. Sy toekoms lyk nie rooskleurig nie, maar steeds is hy blymoedig. Die Gees werk aktief in hom om verby sy omstandighede te kyk en sy blydskap in die Here te vind.

Net so moet ons ook verby ons omstandighede kyk. Die Here is tussen ons. Hy woon in en by ons.

<u>Slot</u>

Daar is baie dinge wat bydra dat ons nie gelukkig kan wees nie. Politieke onstuimigheid en finansiele druk staan in die pad van geluk – aardse geluk. Maar God woon tussen ons en is by ons. Daarom roep Hy ons ook vandag op om bly te wees. Ons moet nie net halfhartige glimlagte op te plak nie, maar ons moet dit uitbasuin dat ons geluk in die Here is. Hy staan ons by in tye van swaarkry en hartseer.

Daarom kan ons ook die woorde van Rom. 12:12 ter harte neem in tye wanneer ons sukkel om bly te wees.

Verbly julle in die hoop, wees geduldig in verdrukking, volhard in die gebed.